

Bloemfontein Courant

news you can use

GEMEENSKAPSNUUS

Welwillendheidsprojek met 'n verskil

LOUWNA ERASMUS

Sowat 20 vroue van Bloem Shelter is onlangs bederf met 'n haarsny, grimering en pragtige rokke terwyl hulle as modelle opgetree het by 'n modeparade. "Deur al hul moeilike omstandighede," sê Sandra Gouws, senior skakelbeampte van die fakulteit gesondheidswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat (UV), "het dié vroue net een wens gehad - om ook mooi en vroulik te voel en weer selfvertroue te hê." Dié droom is bewaarheid deur die fakulteit

saam met die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, verskeie mode-ontwerpers en modehuise in die stad. Die vroue kon met selfvertroue op die verhoog stap ná die bemoediging and leiding wat hulle van die huidige Mev. Suid Afrika, Lynné de Jager, en voormalige Mev. Suid-Afrika en eienaar van @Models, Annette Kasselmann, ontvang het. "Die modeparade was die breinkind van Cornelia, een van die inwoners van Bloemshelter," sê Kasselmann. Hulle was baie trots op die modelle wat 'geskitter' het op die loopplank in onder andere skeppings van

selfvertroue te kon gee." "Die lewe is nie altyd regverdig nie, maar wat werklik saak maak, is hoe jy jou omstandighede gebruik om te verander," het prof Gert van Zyl, dekaan van die fakulteit gesondheidswetenskappe aan die UV, aan die inwoners van Bloem Shelter gesê.

Almal in die fakulteit se onderskeie departemente het hand bygesit om die dag vir die inwoners spesiaal te maak. Een van die inwoners is 'n skrande, 18-jarige matriekleerling in die stad. Sy is op 14 wees gelaat en ná vele omswerwinge in Johannesburg, het sy haar pad na Bloem Shelter gevind.

Sy hoop om volgende jaar regte aan die UV te studeer. Op die dag van die modeparade het Schalk van Dyk 'n matriekafskeidrok aan haar gesken.

Schalk van Dyk. "Dit was 'n groot voorreg om hierdie spesiale mense se lewe te kon ophelder en hulle 'n bietjie meer

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe bedank graag die volgende borge/individue vir hul bydraes tydens die Modeparade gehou op 24 Julie 2012 ten bate van *Bloem Shelter*, as deel van die UV se Mandela Dag vieringe.

**From Far to U | Schalk van Dyk Couture | VICOFS
Adorabella | Balloon people | CUT | Grand Room Design
lets Niets | La Muse | Mimosa Blomme | Motheo College
Star Sound | Ultimate Candles | Viking Stransport
Yolanda Maartens**



Saam met prof Gert van Zyl (middel), dekaan van die fakulteit, is twee van die inwoners wat aan die modedag deelgeneem het. Links is Annelie Lessing en regs is Precious Vilakazi. Annelie dra 'n uitrusting van Schalk van Dyk Couture en Precious een van VICOFS.

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIBESITHI YA
FREISTATA

